



# Ooreenstemmende leiding deur die GKSA se bedienaars van die Woord: 'n ondersoek na die leiding van Petrus, Paulus en Jakobus by vier byeenkomste

Douw G. Breed  
Eenheid vir Reformatoriese Teologie  
Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit  
POTCHEFSTROOM  
E-pos: dbreed@telkomsa.net

## Abstract

**Corresponding guidance by the RCSA's ministers of the Word:  
a study of the guidance provided by Peter, Paul and James  
on four occasions**

*Differences between RCSA ministers in terms of their guidance from the Word of God have become increasingly apparent in recent years. It is clear that these differences among those who are called to lead are not in the best interest of the church. The present article sets out guidelines for church leaders – in casu, for ministers of the RCSA – to achieve non-conflicting guidance. These guidelines are presented after studying the guidance provided by Peter, Paul and James on four occasions when dealing with the matter of the Christians from the non-Jewish nations. The article focuses on the interrelationship between the three church leaders regarding the guidance that they offered, as well as guidelines that could be derived from their conduct to enable present-day church leaders to achieve non-conflicting guidance.*

## Opsomming

### **Ooreenstemmende leiding deur die GKSA se bedienaars van die Woord: 'n ondersoek na die leiding van Petrus, Paulus en Jakobus by vier byeenkomste**

*Verskille tussen predikante in die GKSA in die leiding wat hulle uit die Woord gee, het die afgelope aantal jare sterk op die voorgrond getree. Dit is duidelik dat hierdie verskille onder dié wat as geroepenes voor moet loop, nie die welvaart van die kerk dien nie. In hierdie artikel word riglyne aan voorgangers – in casu vir predikante van die GKSA – aangedui om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig. Hierdie riglyne word aangebied na die bestudering van die leiding wat Petrus, Paulus en Jakobus by vier byeenkomste gegee het waar die vraagstuk van die Christene uit die nie-Joodse nasies hanteer is. In die artikel word gekonsentreer op die onderlinge verhouding van die drie voorgangers met mekaar in die leiding wat hulle gegee het, asook moontlike riglyne wat dit vir hedendaagse voorgangers mag bied om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig.*

## 1. Inleiding

Dit het gedurende die afgelope dekades in Suid-Afrika duidelik geword dat die leiding van kerklike voorgangers in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk nie altyd in die belang van die kerk se welvaart was nie (vgl. Labuschagne, 2009:105-108). Die vraagstuk in die GKSA is die feit dat predikante in die leiding wat hulle uit die Woord moet gee, oor verskeie sake drasties met mekaar verskil. Dit is beslis nie in belang van die kerk se welvaart nie. Hierdie verskille word duidelik aangedui deur skrywers (vgl. Van der Walt, 2008:635-638; De Wet & Kruger, 2010:5-7; Snyman, 2010:760), kom sigbaar na vore in publikasies (vgl. Breed, *et al.*, 2008:183-197) en in rapporte wat by die GKSA se meerdere vergaderings gedien het (vgl. GKSA, 2009:656-664). Die intensiteit van hierdie verskille word geïllustreer deur die reaksie van 'n predikant nadat die GKSA se Algemene Sinode (GKSA, 2009) besluit het dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie. Rheeder (2009:34-36), 'n predikant van die Gereformeerde Kerk Randfontein, beskuldig die Sinode onder andere dat met die besluit oor vroue indirek bygedra word tot die geweld wat teen vroue in Suid-Afrika gepleeg word.

Daar kan met sowel Vermeulen (2002) as Lee (1989) saamgestem word wanneer hulle daarop wys hoe belangrik die leiding van voorgangers in die kerk is. Volgens Vermeulen (2002:20) is leierskap

een van die fundamentele kragte in 'n samelewing en is dit bepalend “van individue, families, groepe (sekulêr of godsdienstig) en organisasies in alle grotes en vorme se welwese”. Lee (1989:12) poneer:

While the church can often muddle through despite the ineptitude of its leaders, the right kind and quality of leadership has a significant role in bridging the gap between what is and what can be – resulting in a church that is more faithful to its Lord than it would otherwise be.

Hoewel daar die afgelope 150 jaar baie studies oor die onderwerp van kerklike leierskap gedoen is (vgl. Vermeulen, 2002:24), wys Popkes (2005:323) daarop dat daar opvallend min studie oor die saak van leierskap in die antieke wêreld gedoen is. Hy sluit daarby ook leierskap in die vroeg-Christelike wêreld in.

In hierdie artikel word die leiding ondersoek wat in die Vroeë Kerk gegee is met betrekking tot die gemeenskaplike vraagstuk van Christene uit die nie-Joodse nasies. Die ondersoek word beperk tot die leiding wat Petrus, Paulus en Jakobus by byeenkomste<sup>1</sup> gegee het waar die vraagstuk van die Christene uit die nie-Joodse nasies hanteer is. In hierdie artikel word gekonsentreer op die onderlinge verhouding tussen hierdie drie voorgangers in die leiding wat hulle gegee het, asook die moontlike riglyne wat dit vir hedendaagse voorgangers mag bied om ooreenstemmende leiding te gee. Die riglyne in die artikel word op 'n spesifieke groep voorgangers toege-spits, naamlik die GKSA se bedienaars van die Woord.

In die artikel is die eerste saak onder bespreking die onderskeie byeenkomste wat gehou is oor die vraagstuk aangaande die Christene uit die nie-Joodse nasies. Daarna word Petrus, Paulus en Jakobus se leiding tydens die byeenkomste van nader bestudeer. Ten slotte word 'n aantal rigtingwysers uit die ondersoek uitgelig wat vir predikante van die GKSA betekenisvol mag wees.

## **2. Byeenkomste oor die vraagstuk aangaande Christene uit die nie-Joodse nasies**

Bauckham (2005:135-139) wys (uit Handeling en Galasiërs) op vyf byeenkomste wat in die Vroeë Kerk gehou is waar die vraagstuk oor

---

1 Die woord *byeenkomste* en nie *vergaderings* nie word gebruik aangesien dit gestruktureerde (amptelike) vergaderings en meer informele (private) samekomste omsluit.

die Christene uit die nie-Joodse nasies ter sprake was. Die eerste byeenkoms word in Handeling 11 beskryf, waar Petrus aan Joodse Christene moes verduidelik waarom hy mense wat nie besny is nie, besoek het en selfs saam met hulle geëet het. Die tweede byeenkoms waarby die vraagstuk aangaande die Christene uit die nie-Joodse nasies beslis ter sprake sou wees, word in Galasiërs 1:18-19 vermeld. Hierdie byeenkoms vind plaas nadat Paulus tot geloof gekom het (Hand. 9), Arabië toe was en na Damaskus teruggekeer het (Gal. 1:17). Hy het na “drie jaar” (Gal. 1:18) na Jerusalem teruggekom en vir Petrus en Jakobus besoek. Paulus se tweede besoek aan Jerusalem wat in Galasiërs 2:1-10 beskryf word, kan gesien word as die derde soortgelyke byeenkoms.<sup>2</sup> Die vierde byeenkoms vind in Antiochië plaas. Dit word in Handeling 15:1-3 vermeld. Paulus beskryf ook in Galasiërs 2:11-14 gebeure wat tydens hierdie byeenkoms plaasgevind het.<sup>3</sup> Die byeenkoms wat in Handeling 15:4-29 beskryf word, kan as die vyfde byeenkoms gesien word.

Daar is egter nog ’n geleentheid wat in Handeling beskryf word waarby hierdie vraagstuk in ’n byeenkoms ter sprake kom wat nie deur Bauckham vermeld word nie. Toe Paulus Jerusalem die laaste keer besoek het (Hand. 21:17-25), het Jakobus en die ouderlinge saam met Paulus vergader en was die saak van Christene uit die nie-Joodse nasies hoog op die agenda.

Daar kan dus ses byeenkomste onderskei word waarop die vraagstuk aangaande die Christene uit die nie-Joodse nasies ter sprake gekom het. By die eerste byeenkoms (Hand. 11) is slegs een van die voorgangers, naamlik Petrus, betrokke en is die verhouding tussen Petrus, Paulus en Jakobus dus nie ter sprake nie. Die eerste byeenkoms word daarom nie in hierdie artikel bestudeer nie. By die sesde byeenkoms (Hand. 21) is sowel Jakobus as Paulus betrokke.

---

2 Vir ’n volledige motivering waarom aanvaar kan word dat die gebeure wat Paulus in Galasiërs 2:1-10 beskryf, nie dieselfde gebeure is as wat Lukas in Handeling 15 beskryf nie, vergelyk Bauckham (2005:135-139) en Coad (2008:1424-1426).

3 Bauckham (2005:130-142), Bruce (1977a:298-302), Longenecker (1990: lxxiii-lxxxiii) en Witherington (1998:305-319) toon oortuigend aan dat die gebeure wat Paulus in Galasiërs 2:11-14 beskryf en die gebeure wat Lukas in Handeling 15:1-3 beskryf tydens dieselfde geleentheid plaasgevind het (vgl. ook Holtz, 1986:344-357).

Uit Lukas<sup>4</sup> se beskrywing kan die optrede van die ouderlinge en van Jakobus nie duidelik onderskei word nie, en dit is dus nie moontlik om die verhouding tussen Jakobus en Paulus te bestudeer nie. Daar word in hierdie artikel dus ook nie aan hierdie byeenkoms aandag gegee nie.

By die tweede tot vyfde byeenkomste gee ten minste twee van die voorgangers (Petrus, Paulus of Jakobus) leiding en kan die verhouding tussen die betrokke voorgangers naderby bestudeer word.

### **3. Die byeenkoms soos in Galasiërs 1:18-19 beskryf**

#### **3.1 Paulus, die geroepe apostel se besoek aan die ander geroepe apostels**

In Galasiërs 1:16-17 beklemtoon Paulus dat hy ná sy roeping op die Damaskus-pad nie dadelik na die mense wat voor hom apostels was, gegaan het nie. Die evangelie wat hy verkondig, het hy nie van mense ontvang nie, maar van Jesus Christus self (vgl. Gal. 1:12). Paulus wil dus aan sy lesers duidelik maak dat hy in dit wat hy verkondig, nie bloot 'n naperer van die apostels is nie (vgl. Esler, 1998:127; Richard, 1973:469). Paulus erken egter dat hy na “drie jaar” wel na Jerusalem gegaan het (Gal. 1:18-19). Hoewel Paulus seker was dat God hom afgesonder en geroep het (vgl. Gal. 1:15), en dat God sy Seun aan hom geopenbaar het (vgl. Gal. 1:16), het hy goed begryp dat God ook ander apostels geroep het. Deur na Jerusalem, en spesifiek na een van die apostels, naamlik Petrus, te gaan (ἀνῆλθον), toon hy die agting wat hy het vir die roeping waarmee God ook ander apostels geroep het.

#### **3.2 Paulus se kennis en die ander apostels se kennis**

Paulus beskryf die doel van sy eerste besoek aan Jerusalem nadat hy tot geloof in Jesus Christus gekom het, in Galasiërs 1:18 met die woord ἱστορέω. Die woord ἱστορέω word gebruik vir die betekenis “besoek met die oog op die verkryging van inligting” (vgl. Büschel, 1965:396; Louw & Nida, 1988:453). Die feit dat Paulus in Galasiërs 1 in die verdediging van die evangelie wat hy verkondig, sy gesag as apostel beklemtoon (Seifred, 1992:152-154), en dit ook baie

---

4 In teenstelling met wat Barrett (2004:xxxiii-ix), Lentz (1993:6) en Watson (1986:23) stel, word saam met Farmer (1999:149-150) en Witherington (1998:310-112) aanvaar dat gegewens wat in Handeling 1 deur Lukas opgeteken is, histories betroubaar is.

duidelik maak dat hy die evangelie nie van mense ontvang het nie (vgl. Gal. 1:11, 12, 16), beteken nie dat Paulus nie na Jerusalem kon gaan om inligting oor die evangelie te verkry nie.<sup>5</sup>

Dit moet in ag geneem word dat Paulus nie beweer dat die inhoud van die evangelie wat hy verkondig, *alleenlik* bestaan uit inligting wat deur Jesus Christus aan hom geopenbaar is nie. Die evangelie wat hy verkondig het, is nie 'n ander evangelie as die evangelie wat die apostels verkondig het nie. Paulus beklemtoon immers self dat daar net een evangelie is (vgl. Gal. 1:7). Die evangelie wat Paulus verkondig het, sou sekere inligting bevat wat Christus spesifiek net aan hom geopenbaar het, maar dit sou ook inligting bevat wat aan die ander apostels geopenbaar is (Bruce, 1977b:86-93). Daar kan aanvaar word dat Paulus by Petrus dié inligting wou bekom waaroor Petrus en die apostels in die besonder beskik het (vgl. Cole, 1977:55-56 en Guthry, 1975:117). Vir Paulus, wie spesifiek geroep was om die evangelie aan mense uit die nie-Joodse nasies te verkondig (vgl. Gal. 1:16), en wat dit reeds begin doen het (Du Plessis & Lategan, 1983:190; Farmer, 1999:135), sou dit van groot belang wees om te hoor wat God aan Petrus (met die besoek aan Kornelius) aangaande Christene uit die nie-Joodse nasies geopenbaar het (vgl. Bligh, 1970:139). Deur hierdie kennis sou hy beter insig kon kry in dit wat aan homself geopenbaar is.

## **4. Die byeenkoms soos in Galasiërs 2:1-10 beskryf**

### **4.1 Die inisiatief wat Paulus neem**

Die byeenkoms wat in Galasiërs 2:1-10 beskryf word, vind plaas omdat Paulus 'n openbaring ontvang het om die evangelie wat hy aan die nie-Jode verkondig het, in Jerusalem te gaan voorlê (vgl. Gal. 2:2). Dit blyk uit Galasiërs 2:2 dat Paulus die evangelie wat hy verkondig het, tydens die byeenkoms by twee geleenthede voorgelê het. Hy het dit eers by 'n byeenkoms van die gemeente, en daarna afsonderlik by diegene wat in aansien was, voorgelê (vgl. Lategan, 1986). Paulus se voorlegging by die tweede geleentheid is vir hierdie artikel van belang.

Hoewel Paulus seker was dat hy die evangelie van Jesus Christus ontvang het (vgl. Gal. 1:11-17), was hy tog gewillig om hierdie evangelie aan die voorgangers in Jerusalem voor te lê (vgl. punt 4.5 hier

---

5 Daar word met Lategan (1986:32) verskil dat Paulus se besoek aan Petrus as 'n blote "beleefdheidsbesoek" gesien moet word.

onder vir die betekenis waarvoor Paulus ἀνατίθεμαι in Gal. 2:2 gebruik).

Paulus verskaf ook die rede waarom hy die evangelie aan die voorgangers in Jerusalem gaan voorlê het. Hy sê in Galasiërs 2:2 dat die moontlikheid bestaan het dat hy “tevergeefs sou loop of geloop het”. Daar kan aanvaar word dat Paulus met hierdie woorde op die gevolge wys indien onsekerheid sou ontstaan of die voorgangers in Jerusalem met die evangelie wat Paulus aan die nie-Joodse nasies verkondig, verskil. Indien bekeerlinge uit die nie-Joodse nasies tot die oortuiging kom dat die voorgangers verskil met die evangelie wat Paulus verkondig, kon dit twyfel en ongeloof in die hand werk (vgl. Bruce, 1977b:152 en Longenecker, 1990:48-49). Deur na Jerusalem te gaan en die evangelie wat hy verkondig, daar voor te lê, neem Paulus die inisiatief om te sorg dat onsekerheid oor die Jerusalem-voorgangers se standpunt uit die weg geruim word. Deur sy voorlegging wou hy voorkom dat verdeeldheid kom tussen die Kerk in Jerusalem en die kerke wat elders tot stand kom.

#### **4.2 Paulus se oogmerk met die saamneem van Titus**

Paulus het Titus, ’n Griek en onbesnede Christen, na Jerusalem saamgeneem. Deur Titus saam te neem, het hy gesorg dat die voorgangers in Jerusalem nie met gemak ’n uitspraak kon maak oor die evangelie wat Paulus buite Jerusalem verkondig het nie. In Titus kon die voorgangers in Jerusalem met hulle eie oë die vrug van die evangelie wat Paulus verkondig, sien (vgl. Betz, 1979:84).

Deur ’n onbesnede Christen na Jerusalem saam te neem, het Paulus ook gesorg dat die vraag of Joodse en nie-Joodse Christene enige gemeenskap met mekaar mag hê, nie langer vermy kon word nie (Bauckham, 2005:122). Met ’n onbesnede Christen teenwoordig by die byeenkoms, kon die Joodse Christene, en in besonder ook die voorgangers Jakobus,<sup>6</sup> Petrus en Johannes, die vraagstuk van innige gemeenskap met nie-Joodse Christene nie ontduik nie. Deur Titus saam te neem, het Paulus dus gesorg dat die vraagstuk aangaande die nie-Joodse Christene behoorlik onder oë geneem word.

---

6 Floor (1978:29) en Painter (2001:32) wys daarop dat Paulus na Jakobus verwys (Gal. 2:9) voor Petrus en Johannes. Dit dui daarop dat Jakobus op daardie tyd die leidende figuur in Jerusalem was.

### 4.3 Paulus se bereidheid om sterk standpunt in te neem

Dit is duidelik dat Paulus, ondanks die moontlikheid dat Petrus, Jakobus en Johannes met hom kon verskil, sterk standpunt ingeneem het tydens die byeenkoms. Paulus sê dat hy (en ander) nie in “onderworpenheid toegegee het” nie. Paulus was iemand wat in sekere omstandighede bereid was om vir die Jode soos ’n Jood te word, en vir dié sonder die wet soos een wat sonder die wet is (vgl. 1 Kor. 9:20-21). Hy was selfs inskiklik dat Timoteus besny word (vgl. Hand. 16:3).<sup>7</sup> Oor die vraag of gelowiges uit die nie-Joodse nasies verplig moes word om besny te word, was hy egter nie bereid om enigsins toe te gee nie.

Paulus gee in Galasiërs 2:5 die rede waarom daar in hierdie geval so sterk standpunt ingeneem moes word. Indien hy sou toegee in verband met die besnydenis, sou die “waarheid van die evangelie” in die slag bly. Met die “waarheid van die evangelie” verwys Paulus na die evangelie wat die waarheid tot inhoud het (Ridderbos, 1976: 85). Hierdie evangelie het die waarheid tot inhoud omdat Paulus die inhoud van Christus ontvang het (vgl. Gal. 1:12). Dit is die “evangelie van Christus” waaraan niks verander mag word nie (vgl. Gal. 1:7). Hoe belangrik eensgesindheid en vrede onder voorgangers en die kerk ook al mag wees, wanneer die waarheid soos dit deur Christus geopenbaar is in die gedrang kom, mag geen toegewings gemaak word nie.

### 4.4 Paulus en die posisie van die ander voorgangers

Die wyse waarop Paulus in Galasiërs 2:1-10 na Jakobus, Petrus en Johannes verwys, beklemtoon die besondere plek wat hierdie voorgangers in die Vroeë Kerk ingeneem het. Hy noem hulle in Galasiërs 2:2 en 2:6 “die wat in aansien was”, en in Galasiërs 2:9 sê hy dat hulle as “pilare geag is”.<sup>8</sup> Hierdie voorgangers het waarskynlik sulke hoë aansien geniet omdat hulle besondere verbinde tnisse gehad het met Jesus en omdat hulle die “geboorte-uur van

---

7 Timoteus, wie se ma ’n Jood was, is nie besny nie. Timoteus se pa (’n Griek) het waarskynlik verhoed dat hy as baba besny is. Deur Timoteus te besny, is gepoog om hom beter toegang tot die Jode te gee (vgl. Johnson, 1992:284).

8 Die wyse waarop Paulus in Galasiërs 2:2, 6 en 9 na Jakobus, Petrus en Johannes verwys, is nie ’n aanduiding van ’n negatiewe houding van Paulus teenoor die voorgangers nie. Hy gebruik waarskynlik beskrywings wat die mense wat hy in sy brief bestry, vir die voorgangers gebruik het (Hendriksen, 1974:77-78).



die Christelike geloof meegemaak het” (Lategan, 1986:39). Die standpunt van hierdie mense van aansien oor die evangelie wat Petrus aan die nie-Jode verkondig, sou uit die aard van die saak baie gewig gedra het tydens die byeenkoms wat in Galasiërs 2:1-10 beskryf word. Hoewel Paulus nie ontken dat hierdie mense ’n besondere posisie in die geskiedenis ingeneem het nie, plaas hy die standpunte van hierdie mense tog in ’n baie spesifieke perspektief. Hy wys sy lesers op die wyse waarop God beoordeel (vgl. *πρόσωπον [ὁ] θεὸς ἀνθρώπου οὐ λαμβάνει*; Gal. 2:6). God beoordeel nie op uiterlike dinge soos status of posisie nie. Die bevoorregte posisie wat Jakobus, Petrus en Johannes in die geskiedenis ingeneem het, is op sigself nie belangrik nie. Dit sou alleen belangrik wees indien hulle, in hulle beoordeling van die evangelie wat Paulus verkondig, getrou bly aan die Een wat hulle in daardie bevoorregte posisie geplaas het.

#### 4.5 Petrus en Jakobus se insig in Paulus se opdrag

Dit blyk uit Galasiërs 2:7 en 2:9 dat Jakobus, Petrus en Johannes, nie van die begin af insig gehad het aangaande Paulus se opdrag om aan die nie-Jode te verkondig nie (vgl. Bernheim, 1997:163). Dit blyk dat hulle eers met die byeenkoms *ingesien het* (*ιδόντες*; Gal. 2:7) en *gemerk het* (*γνόντες*; Gal. 2:9) dat hy van God die taak ontvang het.

Daar kan uit Paulus se gebruik van die woord *ἀνεθέμην* in Galasiërs 2:2 afgelei word hoe die drie voorgangers wel tot insig gekom het. Wanneer Paulus sê dat hy die evangelie soos hy dit verkondig, voorgelê het, is dit duidelik dat hy die woord *ἀνατίθεμαι* in die domein *Communication*, en die sub-domein *Interpret, mean, explain* vir die betekenis *to explain something, presumably by putting forward additional or different information* gebruik (vgl. Louw & Nida, 1988: 406).

Vir die doeleindes van hierdie artikel, is dit belangrik om te vra waarom dit nodig was dat Paulus ook vir Petrus hieromtrent ’n verduideliking moes gee. God het immers deur ’n besondere openbaring aan Petrus duidelik gemaak dat hy geen mens onheilig of onrein mag noem nie (vgl. Hand. 10:28). Petrus was ná God se openbaring selfs in staat om die Joodse Christene te oortuig dat God ook aan nie-Jode die bekering tot die lewe geskenk het (Hand. 11:18). Dit is duidelik dat Petrus nie behoorlik geluister het na dit wat God aan hom openbaar het nie. Hoewel dit wat God aan hom geopenbaar het ten volle betrekking het op die taak waarvoor God

Paulus geroep het, was dit vir Paulus nodig om aan Petrus addisionele inligting te gee om hom sodoende tot insig te bring. Dit kan ook aanvaar word dat Jakobus bewus was van dit wat God aan Petrus geopenbaar het en tog het hy ook nie duidelikheid gehad oor die werk wat Paulus onder die nie-Jode gedoen het nie (vgl. Painter, 2001:32). Ook Jakobus het nie goed geluister na wat God reeds geopenbaar het nie.

#### **4.6 Bevestiging van die teologiese insig by Paulus, Jakobus, Petrus en Johannes**

Nadat Jakobus, Petrus en Johannes tot die oortuiging gekom het dat Paulus deur die Here geroep is om aan die nie-Jode die evangelie te verkondig, het hulle dit formeel erken deur aan Paulus en Barnabas (Gal. 2:9) die regterhand te gee (vgl. McKnight 1995:86). Die teologiese insig waartoe hulle gekom het, word verder bevestig deur saam 'n besluit te neem waarin 'n werksverdeling vasgestel word. Petrus sou volgens hierdie verdeling die evangelie aan die Jode verkondig en Paulus aan die nie-Jode.

### **5. Die byeenkoms soos in Handeling 15:1-3 en Galasiërs 2:11-14 beskryf**

#### **5.1 Petrus en die druk van mense met wie hy 'n besondere verhouding gehad het**

Die byeenkoms wat in Handeling 15:1-3 en Galasiërs 2:11-14 beskryf word, vind nie soos die vorige byeenkomste in Jerusalem plaas nie, maar in Antiochië. Uit Handeling 15:1-2 blyk dat die byeenkoms gehou is nadat mense uit Judea aan die Christene uit die nie-Joodse nasies verkondig het<sup>9</sup> dat, indien hulle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, hulle nie gered kan word nie. Paulus en Barnabas het die optrede van die mense uit Judea nie gelate aanvaar nie en hulle die stryd aangesê (Hand. 15:2).

Terwyl hierdie stryd gevoer is, het Petrus se optrede by hierdie geleentheid, Paulus se taak baie bemoeilik. Volgens Galasiërs 2:12, het Petrus die gewoonte gehad<sup>10</sup> om saam met die nie-Joodse

---

9 Grosheide (1948:15) wys tereg daarop dat die gebruik van die woord διδάσκω in Galasiërs 15:1 daarop dui dat die aksie van hierdie mense 'n doelbewuste daad was.

10 Vergelyk die *praesens* συνήθιεν.

gelowiges te eet. Toe Jakobus<sup>11</sup> se mense daar aankom, het hy hom egter teruggetrek en eenkant gehou. Paulus gee ook die rede vir Petrus se optrede. Hy was bang vir die mense wat uit die besnydenis is, dit wil sê, vir die Jode wat uit Judea daar aangekom het. Paulus sê nie waarom Petrus vir die Jode van Judea bang was nie. Daar kan egter saam met Hendriksen (1974:93) aanvaar word dat hy nie in die eerste plek bang was dat hulle hom enige geweld sou aandoen nie. Hy was bang dat sy reputasie as Jood skade sou ly indien die mense uit Judea sou sien dat hy saam met die nie-Joodse Christene eet en dit dan in Jerusalem kon rapporteer. Hy het daarom saam met ander Jode voorgegee (συνυπεκρίθησαν) dat hy as 'n Jood, nie gemeenskap met die nie-Joodse Christene beoefen nie. Die opinie van mense met wie hy 'n besondere verhouding gehad het, was vir hom belangriker as die waarheid wat by die byeenkoms op die spel was. Hy het dus as gevolg van 'n besondere verhouding met mense onder druk gekom, en toe hy aan hierdie druk toegee, in botsing gekom met Paulus wat die waarheid moes verdedig.

## 5.2 Petrus se teologiese oortuigings en sy dade

Paulus het volgens Galasiërs 2:14, vir Petrus gesê dat hy die “heidene dwing” (τὰ ἔθνη ἀναγκάζεις) “om soos Jode te lewe” (ἰουδαίειν). In Galasiërs 2:11-14 is daar nie werklik 'n aanduiding dat Petrus se teologiese oortuigings met Paulus s'n verskil het nie. Deurdadig Petrus en die ander hulle aan die nie-Joodse Christene onttrek en eenkant gehou het, het hulle dade egter daarop neergekom dat hulle die nie-Joodse Christene as tweedeklas Christene beskou (Doohan, 1984:67). Om eersteklas Christene te word, sou hulle eers soos Jode moes leef. Hulle sou onder andere die besnydenis moes onderhou – presies waarop die mense uit Judea aangedring het (vgl. Hand. 15:1-2). Hoewel Petrus se teologiese oortuigings dus nie met Paulus se oortuigings gebots het nie, het hy deur sy optrede tog in stryd gekom met dit wat Paulus verkondig het.

---

11 Dit is nie werklik moontlik om te bepaal wat die verband tussen Jakobus en hierdie mense uit Judea was nie (vgl. Lightfoot, 1865:112). Daarom word in hierdie artikel nie aandag gegee aan Jakobus se verhouding met Petrus en Paulus by hierdie byeenkoms nie.

### 5.3 Paulus se vermaning van Petrus

Paulus het by hierdie byeenkoms in Antiochië drasties teen Petrus opgetree. Volgens Galasiërs 2:11 het hy hom “openlik teëgestaan” (κατὰ πρόσωπον αὐτῷ ἀντέστην) en vir Petrus “in die teenwoordigheid van almal” (ἔμπροσθεν πάντων) gevra waarom hy leef soos iemand wat nie ’n Jood is nie en soos mense wat nie-Jode wil dwing om soos Jode te lewe (Gal. 2:14). Paulus het Petrus dus nie in ’n persoonlike gesprek oor sy skynheilige optrede vermaan nie. Hy het dit nodig geag om hom in die openbaar voor almal skerp te vermaan.

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus geen twyfel gehad het dat Petrus in sy optrede verkeerd was nie. Volgens vers 11 was dit duidelik dat Petrus “veroordeeld gestaan het” (κατεγνωσένος ἦν). Paulus sê ook dat hy “gesien het” (εἶδον) dat Petrus en die ander verkeerd optree (Gal. 2:14).

In Galasiërs 2:11-14 kan drie redes gevind word waarom Paulus so drasties teen Petrus opgetree het. Eerstens was Petrus se optrede vir almal sigbaar. Petrus se optrede het in die openbaar ’n duidelike boodskap aan Christene uit nie-Joodse nasies gestuur, naamlik dat hulle eintlik soos Jode moet begin leef indien hulle volle gemeenskap met die Joodse Christene wou beoefen (vgl. punt 5.2 hier bo). Tweedens was dit duidelik dat die skynheilige optrede van die Joodse Christene, wat nie meer die volle gemeenskap met die nie-Joodse Christene beoefen het nie, soos ’n sterk stroom begin het om ander mense mee te sleur (vgl. συναπήχθη in Gal. 2:13). Al hoe meer Joodse Christene, selfs Barnabas, het skynheilig begin optree (Cummins, 2001:179). Paulus het homself al hoe meer in ’n geïsoleerde posisie bevind (Chilton, 2001:141). Wanneer Paulus in die openbaar teen Petrus optree, dwing hy die Joodse Christene by die byeenkoms om uitdruklik ’n keuse te maak of hulle hul ook aan skynheiligheid skuldig wil maak of nie. Paulus breek dus met sy openbare optrede teen Petrus die sterker-wordende stroom mense wat aan die skynheilige optrede van Petrus deelgeneem het.

Paulus het derdens so drasties opgetree omdat Petrus se optrede ook vir homself (Petrus) in sy verhouding met God gevolge ingehou het (vgl. Bassler, 1985:547-548). Petrus se optrede was direk in stryd met dit wat God volgens Handeling 10 aan hom geopenbaar het. God het reeds aan hom geopenbaar dat hy nie onderskeid moet maak tussen Christene uit die Jodedom en Christene uit die nie-Joodse nasies nie. Hy het reeds saam met die nie-Joodse Christene geëet (vgl. Hand. 10) en die Joodse Christene in Jerusalem oortuig

dat gemeenskap met Christene uit die nie-Joodse nasies volgens die wil van God is (vgl. Hand. 11:1-18). Daar was dus geen twyfel dat Petrus in sy optrede in stryd was met wat God geopenbaar het nie. Paulus sê dat hy veroordeel gestaan het (κατεγνωσμένος ἦν; Gal. 2:11) en dat hy afgewyk het van die waarheid van die evangelie (Gal. 2:14). Hy het die evangelie verloën wat die waarheid wat Christus geopenbaar het tot inhoud het (vgl. punt 4.3).

## 6. Die byeenkoms soos in Handeling 15:4-29 beskryf

### 6.1 Petrus, Paulus en Jakobus se onderwerping aan God

By die byeenkoms wat in Handeling 15:4-29 beskryf word, gee Petrus, Paulus (saam met Barnabas) en Jakobus ooreenstemmende leiding. Die vraag is waarom die voorgangers wat ná soveel jare<sup>12</sup> van onsekerheid en verskille, by hierdie byeenkoms wel ooreenstemmende leiding kon gee. Dit blyk dat die voorgangers se bereidheid om hulle aan die Here te onderwerp, die een belangrike faktor is wat tot ooreenstemming gelei het. By die byeenkoms in Antiochië het Petrus direk in stryd opgetree met dit wat God aan hom geopenbaar het (vgl. punt 5.2). Anders as in Antiochië, onderwerp Petrus hom aan God by die byeenkoms van die ouderlinge en apostels, en maak hy aan die vergadering duidelik wat God in die verlede oor die nie-Joodse Christene getuig het (vgl. ἐμαρτύρησεν in Hand. 15:8).

Ook Jakobus het hom aan God onderwerp. Dit kan aanvaar word dat die mense uit die groep van die Fariseërs hulle verwagtings by hierdie byeenkoms op Jakobus gestel het. Kistemaker (1990:550) sê: "They know that he scrupulously keeps the law and they recognize him as their spiritual leader." Dit kan ook aanvaar word dat daar by hierdie byeenkoms druk op Jakobus sou wees om teenoor Petrus en Paulus standpunt in te neem. Wanneer Jakobus aan die woord kom, verwys hy uitdruklik na God se openbaring aan Petrus (vgl. Hand. 15:14), en sê hy dat dit Gód self is wat ten opsigte van die nie-Joodse nasies opgetree het. Hy toon ook met 'n aanhaling uit Amos 9:11-12 aan dat God reeds vroeër deur die profete bekend gemaak het dat die nie-Joodse nasies, wanneer hulle deel van die eskatologiese volk van God sal word, dit as nie-Joodse nasies sal

12 Indien Bruce (1977b:475) se berekenings gevolg word, het daar tussen die byeenkoms wat in Galasiërs 1:18-19 beskryf word en die byeenkoms wat in Handeling 15:4-29 beskryf word, ongeveer veertien jaar verloop.

doen wat nie eers Jode hoef te word nie (vgl. Bauckham, 1995:452-458). Dit moet in gedagte gehou word dat die onderhouding van die besnydenis as vereiste gestel is om deel van die Jode te word (Fredriksen, 1991:546). Jakobus maak dit egter duidelik dat God nie van Christene uit die nie-Joodse nasies verwag om die besnydenis te onderhou nie.

Petrus en Jakobus het alle ander sake (soos eie voorkeure en groepsdruk) uit die weg geruim en in hulle leiding aan die vergadering hulle in gehoorsaamheid onderwerp aan dit wat God geopenbaar het. Hulle was daarom nie in stryd met Paulus en Barnabas wat van die tekens en wonders vertel het wat God onder die nie-Jode gedoen het nie.

## 6.2 Petrus, Paulus, Jakobus en diversiteit in die Vroeë Kerk

Dit is duidelik dat die groep uit die Fariseërs by die byeenkoms van die apostels en ouderlinge, baie beslis was in dit wat hulle versoek het. Volgens hulle was dit *noodsaaklik* (δέι; Hand. 15:5) dat die nie-Joodse Christene die besnydenis en die wet van Moses moes onderhou. Die Christene uit die nie-Joodse nasies moes ook nie net versoek word om dit te onderhou nie, maar daartoe *beveel word* (παραγγέλλειν; Hand. 15:5). Dit blyk dat die groep oortuig was dat hulle hierdie eis met goddelike gesag kon stel. Volgens hulle was daar dus ten opsigte van die onderhouding van die besnydenis en die wet van Moses geen ruimte vir diversifisering nie.

In antwoord op hierdie eis, beklemtoon sowel Petrus as Jakobus<sup>13</sup> God se openbaring aangaande hierdie saak. God het geopenbaar dat Hy mense se harte deur die geloof reinig (vgl. Hand. 15:9) en dat 'n mens alleen deur die genade van Jesus Christus gered word (vgl. Hand. 15:11). God het hierdie dinge reeds in die Ou-Testamentiese bedeling deur die profete bekend gemaak (vgl. Hand. 15:15 en punt 6.1). Anders as wat die groep uit die Fariseërs veronderstel, word mense nie gereinig of gered deur die onderhouding van die besnydenis of die wet van Moses nie. Omdat die voorgangers duidelikheid gehad het oor wat God se wil in hierdie saak is, lei hulle die vergadering om geen toegeeflikheid teenoor die eis van die groep Fariseërs te betoon nie. Petrus maak dit duidelik dat indien daar aan die eis van die Fariseërs toegegee word, God ver-

---

13 Dit is opvallend dat Jakobus, toe hy aan die woord kom, dadelik sê dat hy met Petrus saamstem.

soek sou word (vgl. Hand. 15:10). Dit blyk dus dat die voorgangers, soos die groep Fariseërs, ook geen ruimte vir diversifisering hierin laat nie en die vergadering lei om die eis van die Fariseër-groep te verwerp.

Dit val op dat Petrus en Jakobus nie oordeel dat die Joodse Christene verbied moet word om met gebruike en gewoontes volgens die wet van Moses soos byvoorbeeld die besnydenis, voort te gaan nie.<sup>14</sup> Dit is egter uit die leiding van Petrus en Jakobus duidelik dat daar 'n uitdruklike voorwaarde aan verbonde is indien die Joodse gelowiges voortgaan om hierdie gebruike en gewoontes te onderhou. Die Joodse Christene word nie op 'n ander manier gereinig as die nie-Joodse Christene nie en hulle ontvang ook nie op 'n ander manier redding nie. Jode en nie-Jode ontvang reiniging deur die geloof (vgl. Hand. 15:9) en redding deur die genade van Jesus Christus. (vgl. Hand. 15:11). Wanneer Joodse Christene voortgaan om hierdie gebruike en gewoontes te onderhou; mag hierdie onderhouding nie in die plek van die reiniging deur die geloof, of die redding deur die genade van Jesus Christus gestel word nie. Die onderhouding van gewoontes en gebruike kon slegs as 'n kulturele gebruik voortgaan.

Dit blyk dat die voorgangers saamgestem het dat daar binne die Vroeë Kerk ruimte gelaat kon word vir diversifisering. In die Vroeë Kerk kon daar Christene wees wat sekere gebruike en gewoontes uit die Ou-Testamentiese bedeling vrywillig, en nie as 'n goddelike vereiste nie, getrou onderhou. Daar kon ook Christene (selfs Joodse Christene) wees wat in ooreenstemming met die vryheid wat Christus bewerk het, dit nie onderhou nie.

Hoewel Jakobus met Petrus en Paulus saamgestem het dat daar nie van die Christene uit die nie-Joodse nasies verwag mag word om die besnydenis en die wet te onderhou nie, oordeel hy tog volgens Handeling 15:20-21, dat Christene uit die nie-Joodse nasies hulle moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is, van hoerery,<sup>15</sup> van wat verwurg is, en van bloed. Hierdie vereistes het duidelik verband gehou met (onder andere) die wet van Moses.

---

14 In nie een van Paulus se briewe word die verwerping van die besnydenis van Christen-Jode vereis nie (vgl. Richardson, 1980:354).

15 Vir 'n verklaring van die feit dat "hoerery", wat as etiese oortreding beskou kan word, in hierdie vers saam met oortredings gelys word wat verband hou met reinheidsvoorskrifte in die wet van Moses, vergelyk Bruce (1977b:185-187).

Die vraag ontstaan waarom Petrus of Paulus nie hierdie standpunt van Jakobus teëgestaan het nie (vgl. Hand. 15:22). Vir Paulus was die vryheid wat die Christene uit die nie-Joodse nasies in Christus ontvang het immers van uiterste belang (vgl. bv. Gal. 1:4); en Petrus het pas in die vergadering beklemtoon dat daar nie 'n juk op die nek van gelowiges uit die nie-Joodse nasies gelê mag word nie (Hand. 15:10).

Dit blyk dat Jakobus die praktiese omstandighede waarbinne die besluit wat geneem is, uitgevoer moes word, hiermee in die oog behou het. Die besluit dat die nie-Joodse Christene nie die besnydenis en die wette van Moses hoef te onderhou nie, sou in die alledaagse lewe hoë eise aan die Joodse Christene stel. Hulle sou nie net moes aanvaar dat nie-Joodse Christene – soos Joodse Christene – alleen deur die geloof geheilig is nie, maar hulle sou ook bereid moes wees om voluit die gemeenskap van die gelowiges met hierdie mense te beoefen. Wanneer Jakobus van die nie-Joodse Christene verwag om wel sekere eise van die wet van Moses na te kom, is sy bedoeling om dit vir die Joodse Christene te vergemaklik om die eenheid wat Christus tussen alle gelowiges bewerk het, in die alledaagse lewe uit te leef (vgl. Blaiklock, 1977:114; Harrison, 1975:235; Johnson, 1992:272-273 en Ridderbos, 1931:100-103.). Hoewel daar dus binne die Vroeë Kerk 'n toelaatbare diversiteit was, kon hierdie toelaatbare diversiteit nie onbeperk uitgeleef word nie. Van die nie-Joodse Christene is verwag om 'n deel van die vryheid wat hulle in Christus ontvang het, op te offer. Ter wille daarvan dat die eenheid wat Christus tussen alle gelowiges bewerk het in die daaglikse gewone lewe uitgeleef kon word, moes hulle sekere gebruike uit die wet van Moses nakom. Dat hierdie eis aan die nie-Joodse Christene met groot versigtigheid gestel is, blyk uit Handeling 15:21. Baie van die nie-Joodse Christene was bekend met hierdie gebruike, aangesien hulle bekend was met die sinagoges en met dit wat daarin verkondig is (Harrison, 1975:236-237). Hulle sou dus nie dit wat van hulle vereis word, as vreemd of onbillik ervaar het nie.

## **7. Rigtingwysers vir predikante van die GKSA om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig**

Uit die voorafgaande bestudering van die vier byeenkomste, kan 'n aantal rigtingwysers vir voorgangers in kerke, *in casu* vir predikante van die GKSA, uitgelig word om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig.



## **7.1 Sake wat ooreenstemmende leiding tussen die GKSA se bedienaars van die Woord kan bemoeilik**

### **7.1.1 'n Onderskatting van die gevolge van verskille oor wat God in sy Woord openbaar**

Dit is uit die voorgaande studie duidelik dat verskille onder voorgangers in die kerk, en spesifieke verskille oor wat God se wil is, ernstige gevolge kan inhou. Sulke verskille kan tot groeppvorming en verdeeldheid binne die kerk lei. Sulke verskille kan ook gelowiges, veral mense wat onlangs tot die geloof gekom het, verwar en tot geloofstwifel lei. Dit kan aanvaar word dat ongelowiges negatiewe gevolgtrekkings oor die kerk en die evangelie sou maak wanneer hulle sulke verskille tussen voorgangers waarneem en dit sou verharding in ongeloof in die hand kan werk. Die gevolge van verskille tussen die predikante van die GKSA (vgl. punt 1) moet daarom nie onderskat word nie en verdien dringende aandag.

### **7.1.2 'n Oorreaksie ten opsigte van die verskille ten opsigte van wat God in sy Woord openbaar**

Dit blyk uit die studie dat daar reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk onder voorgangers soms ernstige verskille voorgekom het oor die koers wat God in sy openbaring aandui. Hoewel verskille onder GKSA se bedienaars van die Woord ten opsigte van wat God in sy Woord openbaar, dringende aandag verdien (vgl. punt 7.1.1), moet teen 'n oorreaksie gewaak word. Die feit dat hierdie verskille voorkom, is nie noodwendig 'n aanduiding van verval binne die kerk en rede tot moedeloosheid nie.

### **7.1.3 Agting vir God ten opsigte van die roeping van ander predikante (vgl. punt 3.1)**

By die bevestiging van elke predikant in die GKSA, word die gemeente opgeroep om aan die predikant die nodige agting te betoon en daaraan te dink dat God hulle deur hom aanspreek (GKSA, 2001a:[141]). Uit die voorgaande studie is dit duidelik dat predikante ook hierdie agting teenoor mekaar behoort te betoon. Wanneer gedink en gepraat word oor kollegas met wie daar verskil word, moet dit nie vergeet word dat ook daardie kollegas “deur God self tot hierdie heilige diens geroep is” nie (GKSA, 2001a:[139]). Werklike eerbied vir Hom wat self sy dienaars roep, sal tot groot versigtigheid lei wanneer oor kollegas en hulle leiding geoordeel word.

#### **7.1.4 Status en posisie as maatstaf (vgl. punt 4.4)**

Dit is uit die studie duidelik dat God nie voorgangers op uiterlike dinge soos status of posisie beoordeel nie. Hy oordeel of sy geroepene aan Hom getrou is. As bedienaars van die Woord met mekaar verskil oor die weg wat God in sy Woord aandui, behoort die aansien of status wat 'n betrokke bedienaar by mense mag geniet, bewustelik buite rekening gelaat te word in die beoordeling van die leiding wat hy gee. Wanneer mense aan 'n betrokke bedienaar 'n hoë status of posisie toeken, dra sy standpunt nie op grond daarvan groter gewig nie. Dit kan dus, soos met enige ander standpunt, gemotiveerd teengestaan word.

#### **7.1.5 Gehoorsaamheid aan die Here as voorwaarde vir ooreenstemmende leiding**

Van der Walt (2003:149-150) wys daarop dat Christelike leiers in die eerste plek volgelingen is. Hulle moet eerstens as skape leer om hulle Herder te volg voordat hulle self herders kan wees. As herders moet hulle in die spore van die Opperherder trap. Alleen indien bedienaars van die Woord gehoorsaam is aan die Een wat die koers aanwys, sal hulle in ooreenstemming met mekaar diegene wat hulle volg, kan lei. In hierdie verband blyk dit uit die voorgaande studie dat dit vir die GKSA se bedienaars van die Woord belangrik is om gehoorsaam te luister, gehoorsaam op te tree, en gehoorsaam te wees ten opsigte van diversifisering.

#### **7.1.6 Gehoorsaam luister (vgl. punt 4.5)**

Uit die studie het dit duidelik geword hoe belangrik dit is dat predikante behoorlik na God sal luister. Eers as predikante behoorlik luister na dié Een wat die koers wys, sal hulle met mekaar ooreenstem oor die koers waarop hulle ander lei (vgl. Block, 2005:278). Van der Walt (2008:756) sê oor 'n bedienaar van die Woord se verantwoordelikheid om te luister die volgende:

... luister, luister, luister eerbiedig voordat jy jou aanmatig dat jy klaar gehoor het wat God in 'n bepaalde Skrifgedeelte sê. Wie is ek en jy om die Here as 't ware in die rede te val, omdat ons ons verbeel dat ons reeds gesnap het wat Hy vir ons wil sê?

Van der Walt wys daarop dat bedienaars van die Woord biddend moet luister, en dat hulle sal vra dat die Here doen wat Hy die aand ná sy opstanding gedoen het, naamlik om sy dissipels se verstand te open om die Skrif te verstaan. Die belangrikheid dat bedienaars van die Woord hulle bewustelik onder die leiding van die Heilige

Gees stel in hulle luister na wat God in sy Woord openbaar, kan nie genoeg beklemtoon word nie (vgl. De Wet & Kruger, 2010:22). 'n Deel daarvan om goed te luister na wat God in sy Woord openbaar, sluit egter ook in dat 'n predikant hom deeglik sal verantwoord oor sy eie skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte (vgl. Breed *et al.*, 2008:37-65), asook hoe hierdie vertrekpunte in sy hermeneuse<sup>16</sup> gestalte kry.

Van der Walt (2008:636) sê dat die verskille in die GKSA oor hoe die Skrif verklaar moet word so groot is dat dit die potensiaal het om kerkskeuring te veroorsaak. In die lig hiervan is dit krities noodsaaklik dat elke predikant in die GKSA hom voor God verantwoord of hy werklik in die leiding wat hy gee, gehoorsaam geluister het en hom vergewis het dat hy inderdaad in sy voorloop, in die spore van Christus trap.

### **7.1.7 Gehoorsaam optree (vgl. punte 5.2 en 6.1)**

Nie alleen moet 'n predikant se standpunte met die Woord ooreenkom nie, maar ook sy lewe. Die spanning tussen Petrus en Paulus (vgl. punt 5.2) het nie gekom omdat Petrus met Paulus teologies verskil het oor die vraag of Joodse Christene innig met nie-Joodse Christene mag saamleef nie. Die spanning het gekom omdat Petrus met sy optrede in Antiochië, ongehoorsaam was aan dit wat God aan hom geopenbaar het. 'n Bedienaar van die Woord se dade stuur 'n sterk boodskap na buite. Deur dit wat 'n bedienaar doen, of nalaat om te doen, kan hy sy kollegas weerspreek al sou sy standpunte nie met hulle standpunte verskil oor wat die wil van God is nie.

### **7.1.8 Gehoorsaam ten opsigte van diversiteit (vgl. punt 6.2)**

Dreyer (2006:1290-1294) toon aan dat diversiteit in Suid-Afrika 'n gegewe is en dat hierdie diversiteit reeds in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk op verskillende terreine na die oppervlak kom. Wat die Gereformeerde Kerke betref, wys hy op die hewige debatte rondom die toelating van die vrou in die amp, as 'n aanduiding van diversiteit binne hierdie kerk. Hy wys ook daarop dat die hedendaagse konteks

---

16 Janse van Rensburg (2006:748) beskryf Gereformeerde hermeneuse as die proses waarin die resultaat van die hele eksegeseproses waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die huidige leser/hoorder.

tot 'n groot mate 'n postmoderne<sup>17</sup> lewensklimaat adem en dat die kerk nie daarvan gevrywaar is nie.

Dit blyk uit die studie dat daar binne die kerk wel ruimte vir diversifisering is. Binne die postmoderne lewensklimaat in Suid-Afrika is dit belangrik dat die GKSA se bedienaars van die Woord hieroor duidelikheid sal hê. Indien hulle self aanvaar dat diversiteit binne die GKSA nie noodwendig op polarisasie en groepsvorming dui nie, sal dit makliker wees om in ooreenstemming met mekaar ander gelowiges hierin te lei.

Wat in gedagte gehou moet word, is dat daar binne 'n postmoderne konteks, eintlik geen grense vir diversiteit gestel word nie. Turnau (1994:355) sê dat volgens die Postmodernisme die individu “a moral and epistemic universe unto him or herself” is en “one’s chief aim is to define oneself (and resist community definition through rules and the like) and maximize personal freedom, pleasure, and creativity”. Hierdie soort vryheid tot diversiteit gee blyke daarvan dat, hoewel daar binne die kerk ruimte vir diversifisering is, predikante baie versigtig moet omgaan met die leiding wat hulle in hierdie verband moet gee. Anders as in 'n postmoderne konteks waarbinne die “waarheid” tot 'n subjektiewe verstaan van die werklikheid gerelativeer word (Breed, 2001:408-410; Dreyer, 2006, 1295), bely predikante in die GKSA dat daar wel 'n vasstaande waarheid (in die taal van die postmodernisme: 'n *metanarratief*, vgl. Lyotard 1984: xxiii-xxv) is (vgl. GKSA, 2001a:140). God het Homself, die wyse waarop Hy gediën en verheerlik moet word, en die weg tot die saligheid in sy Woord geopenbaar (vgl. GKSA, 2001b:5-8). Dit blyk uit die studie dat dit belangrik is dat predikante duidelikheid daaroor sal hê wanneer daar diversiteit in die kerk voorkom of begin ontstaan wat in stryd is met dit wat God in sy Woord openbaar, en wanneer diversifisering toelaatbaar of selfs verkieslik is. Ooreenstemmende leiding deur predikante aangaande hierdie onderskeid is alleen moontlik wanneer oortuigings, motiewe en dade binne die kerk aan God se vasstaande geopenbaarde waarheid gemeet word, en wanneer daar volgens hierdie waarheid leiding gegee word.

As gewoontes en gebruike binne die kerk vir 'n lang periode gevolg is en daar onder leiding van die Gees 'n nuwe weg ingeslaan word wat wel Skrifverantwoord is, gebeur dit soms dat nie alle gelowiges

---

17 Vir 'n nadere definiëring van postmodernisme, vergelyk Breed en Janse van Rensburg (2001:408-410) en Fick (2010:272-274).

hierdie verandering aanvaar nie. Dit blyk uit die studie dat dit belangrik is dat bedienaars van die Woord sensitief sal wees vir weerstand by gelowiges teen besluite, al is die besluite ook Skrifverantwoord. Met insig van die Gees behoort bedienaars van die Woord saam na weë te soek wat nie die skrifverantwoorde besluit ondermyn nie, maar wat dit vir hulle wat die besluit nog nie met oorgawe kan ondersteun nie, wel makliker maak om met die besluit saam te leef.

## **7.2 Om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig**

Uit die studie kan 'n aantal riglyne aangedui word oor hoe predikante in die GKSA hulle verskille oor die koers wat God in sy Woord aandui, uit die weg kan ruim en ooreenstemmende leiding bewerk.

### **7.2.1 Verantwoordelikheid om die inisiatief tot uitpraat te neem (vgl. punt 4.1)**

Al is 'n predikant vas oortuig dat die leiding wat hy gee bybelsverantwoord is, ontnem dit hom nie die verantwoordelikheid om inisiatief te neem en die verskille wat hy mag hê met kollegas oor wat God se wil is, uit die weg te ruim nie.

### **7.2.2 Om verskille behoorlik onder oë te neem (vgl. punt 4.2)**

Wanneer Woordbedienaars aandag gee aan verskille wat hulle het oor wat God se wil is, behoort hulle hierdie verskille behoorlik onder oë te neem. Vrees vir konfrontasie, of vir die moontlikheid dat verhoudings mag versleg as sake volledig bespreek word, of die feit dat die verskille baie sensitief is, mag nie daartoe lei dat die verskille nie behoorlike aandag kry nie.

### **7.2.3 Bereidheid om by kollegas te leer (vgl. punt 4.4)**

Die feit dat die Here elkeen van sy bedienaars uniek toerus, maak dit noodsaaklik dat daar by bedienaars 'n bereidheid sal wees om van mekaar te leer en in spanverband te werk, sodat komplementering geoptimaliseer word. Wanneer daar 'n bereidheid is om van mekaar te leer, bestaan die ideale omstandighede om duidelikheid te kry oor die weg wat die Here aanwys.

### **7.2.4 Optrede om groei in insig te bevestig (vgl. punt 4.6)**

Wanneer bedienaars van die Woord verskille onder oë neem, en hulle saam insig verkry in die weg wat die Here in sy Woord aandui,

moet die resultaat bevestig word. Die insig wat verkry is, moet saam duidelik gedefinieer word; en indien die insig sekere optrede vereis, moet saam ooreengekom word watter optrede van elkeen vereis word.

### **7.2.5 Die geopenbaarde waarheid is nie onderhandelbaar nie (vgl. punt 4.3)**

Daar is reeds in hierdie artikel beklemtoon dat ooreenstemmende leiding deur bedienaars van die Woord uiters belangrik is (vgl. punt 7.1.1). Tog blyk dit uit die studie dat hoe belangrik eengesindheid en vrede in die kerk ook al mag wees, wanneer die waarheid (soos dit deur Christus geopenbaar is) in die gedrang kom, mag 'n bedienaar van die Woord nie ter wille van die eenheid met sy kollegas swyg nie. Die geopenbaarde waarheid van die evangelie is nie onderhandelbaar nie.

### **7.2.6 Die druk van mense verwerk (vgl. punt 5.1)**

Bedienaars van die Woord staan met verskillende mense in besondere verhoudings. Hulle staan onder andere in 'n besondere verhouding met gesinslede, familie, met die gemeentes wat hulle bedien, met mense uit hulle eie kultuur- en taalgroep en met kollegas.

Dit kan ook aanvaar word dat predikante in 'n besondere verhouding staan met mense wat dieselfde oortuigings as hulle oor spesifieke sake het. In hierdie verband is die onderskeid wat Van der Wart (2007:96-97) tussen “konserwatiewe” en “verligte (vernuwende/ liberale)” predikante aandui, relevant. In die GKSA sou predikante byvoorbeeld volgens hulle oortuigings oor vroue in die besondere dienste, vernuwing in die liturgie en oor die wyse van nagmaalviering as konserwatief of verlig (vernuwend/liberaal) ingedeel kan word.<sup>18</sup>

---

18 'n Gereformeerde Kerk het onlangs aan predikante (waaronder die skrywer van hierdie artikel) wat moontlik beroep mag word, onder andere die volgende vrae gestuur om vooraf te beantwoord:

Wat is u standpunt oor die vrou in die amp en hoe word dit tans in u gemeente toegepas?; Wat is u siening oor die vernuwing in die liturgiese orde en hoe pas u dit toe? Verwys asseblief ook spesifiek na die gebruik van liedere van buite die Psalmboek voor en na die erediens, asook die gebruik van media (PowerPoint aanbiedings) tydens die erediens.; Wat is u siening oor die metode van Nagmaalviering en hoe word dit tans in u gemeente toegepas?

Soos met Petrus, kan besondere verhoudings druk op bedienaars plaas, sodat hulle nie gehoorsaam luister na Hom wat die koers aandui nie (vgl. punt 7.2.1), of hulle nie gehoorsaam aan Hom onderwerp nie (vgl. punt 7.2.2). 'n Bedenaar van die Woord mag nie onder hierdie druk swig en gevolglik in stryd kom met kollegas wat hulle gehoorsaam aan Hom onderwerp wat hulle geroep het nie.

### **7.2.7 Vermaning in die openbaar onder sekere omstandighede (vgl. punt 5.3)**

In die artikel is reeds aangedui dat verskille tussen bedienaars van die Woord baie negatiewe gevolge inhou (vgl. punt 7.1.1). Wanneer hierdie verskille voor ander mense tot uitbarsting kom, is die moontlikheid van negatiewe gevolge nog groter. Uit die voorgaande studie is dit egter duidelik dat daar situasies kan ontstaan waar 'n voorganger of voorgangers in die openbaar vermaan moet word oor die leiding wat hulle gee. Uit die studie kan die volgende as riglyne vir 'n predikant dien wanneer hy moet besluit of hy 'n kollega of kollegas in die openbaar moet vermaan:

- Hy moet geen twyfel hê oor die oortreding van sy kollega en oor die erns van die oortreding nie.
- 'n Vermaning in die openbaar mag alleen geskied as die kollega se optrede in die openbaar plaasgevind het. Die doel van 'n vermaning in die openbaar is om te voorkom dat ander mense die voorganger in sy oortreding volg.
- Al het 'n vermaning in die openbaar die mense in die oog in wie se teenwoordigheid die voorganger die oortreding gepleeg het, moet die belang van die voorganger ook op die voorgrond staan. Die vermaning moet die behoud van die bedenaar, wat immers ook deur die Here geroep is, steeds in die sentrum hou.

## **8. Samevatting en gevolgtrekking**

Die volgende riglyne sou bedienaars van die Woord in die GKSA kan help om ooreenstemmende leiding te bewerk:

### **➤ Ooreenstemmende leiding word bemoeilik wanneer:**

- die gevolge onderskat word as bedienaars van die Woord met mekaar verskil oor die weg wat God in sy Woord aandui;
- daar 'n oorreaksie is ten opsigte van die verskille tussen predikante oor wat God in sy Woord openbaar;

- predikante 'n gebrek aan agting het vir God ten opsigte van die roeping van ander predikante; en
  - wanneer die status en posisie wat mense aan 'n predikant toeken, as maatstaf gebruik word vir die beoordeling van die betrokke predikant se standpunte.
- **Eers as predikante gehoorsaam *luister*, gehoorsaam *doen* en gehoorsaam is ten opsigte van *diversiteit*, sal hulle in staat wees om ooreenstemmende leiding te gee.**
- **Om tot ooreenstemmende leiding te kom, behoort predikante bereid te wees tot die volgende:**
- om hulle verantwoordelikheid na te kom en inisiatief te neem om verskille met kollegas deur te praat;
  - om verskille wat bestaan, behoorlik onder oë te neem;
  - om by kollegas te leer;
  - om, wanneer hulle met kollegas 'n gesprek voer oor verskille, daadwerklik op te tree met die oog daarop om die groei in insig te bevestig;
  - om in gesprekke oor verskille daaraan vas te hou dat die geopenbaarde waarheid nie onderhandelbaar is nie;
  - om die druk van mense om ongehoorsaam te wees aan God se wil, te verwerk; en laastens
  - om, wanneer dit werklik nodig is, en alleen onder spesifieke omstandighede, 'n kollega of kollegas wat aan God ongehoorsaam is in die openbaar te vermaan.

### **Geraadpleegde bronne**

- BARRETT, C.K. 2004. Critical and exegetical commentary on the Acts of the apostels. (In Emerton, J.A., ed. The international critical commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments. Vol. 2. London: Clark International. p. 695-1272.)
- BASSLER, J.M. 1985. Luke and Paul on impartiality. *Biblica*, 66(4):546-552.
- BAUCKHAM, R. 1995. James and the Jerusalem church. (In Bauckham, R., ed. The book of Acts in its Palestinian setting. Vol. 4. Grand Rapids: Eerdmans. p. 415-480.)
- BAUCKHAM, R. 2005. James, Peter, and the Gentiles. (In Chilton, B. & Evans, C., eds. The missions of James, Peter and Paul: tensions in the early Christianity. Leiden: Brill. p. 91-142.)
- BERNHEIM, P. 1997. James, brother of Jesus. London: SCM.



- BETZ, H.D. 1979. Galatians: a commentary on Paul's letter to the churches in Galatia. Philadelphia: Fortress.
- BLAIKLOCK, E.M. 1977. The Acts of the apostles: an historical commentary. Grand Rapids: Eerdmans.
- BLIGH, J. 1970. Galatians: a discussion of St Paul's epistle. London: St. Paul Publications.
- BLOCK, D.I. 2005. The burden of leadership: the Mosaic paradigm of kingship (Deut. 17:14-20). *Bibliotheca sacra*, 162(646):259-278, Jul.-Sept.
- BREED, D.G. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2001. Paraatmaking teen immoraliteit in 'n postmodernistiese samelewing: hermeneuse van 2 Petrus 1:12-15. *Hervormde teologiese studies*, 57(1 & 2):408-434.
- BREED, D.G., JANSE VAN RENSBURG, F.J. & JORDAAN, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- BRUCE, F.F. 1977a. Commentary on the book of the Acts: the English text with introduction, exposition and notes. Grand Rapids: Eerdmans.
- BRUCE, F.F. 1977b. Paul: apostle of the heart set free. Grand Rapids: Eerdmans.
- BÜSCHEL, F. 1965. ἱστορέω. (In Kittel, G., ed. Theological Dictionary of the New Testament. Vol. 3. Grand Rapids: Eerdmans. p. 391-396.)
- CHILTON, B. 2001. James in relation to Peter, Paul, and the remembrance of Jesus. (In Chilton, B. & Neusner, J., eds. The brother of Jesus: James the Just and his mission. London: Westminster John Knox. p. 138-160.)
- COAD, F.R. 2008. Galatians. (In Bruce, F.F., ed. Zondervan Bible commentary. Grand Rapids: Zondervan. p. 1418-1434.)
- COLE, A. 1977. The epistle of Paul to the Galatians: an introduction and commentary. Grand Rapids: Eerdmans.
- CUMMINS, S.A. 2001. Paul and the crucified Christ in Antioch: Maccabean martyrdom and Galatians 1 and 2. Cambridge: Cambridge University Press.
- DE WET, F.W. & KRUGER, F.P. 2010. 'n Prakties-teologiese perspektief op die handeling van kerklike besluitneming: verkenning en normatiewe gesigspunte. *In die Skriflig*, 44(1):1-25.
- DOOHAN, H. 1984. Leadership in Paul. Delaware: Glazier.
- DREYER, T.F.J. 2006. Die akkommodering en bestuur van diversiteit in gemeenteverband. *Hervormde teologiese studies*, 62(4):1291-1309.
- DU PLESSIS, P.J. & LATEGAN, B.C. 1983. Agtergrond en geskiedenis van die Nuwe Testament. Pretoria: Academica.
- ESLER, P.F. 1998. Galatians. London: Routledge.
- FARMER, W.R. 1999. James the Lord's brother, according to Paul. (In Chilton B. & Evans, G.A., eds. James the Just & Christian origins. Leiden: Brill. p. 133-153.)
- FICK, P.H. 2010. John Calvin and postmodern spirituality. *In die Skriflig*, 44(Suppl. 3):271-285.
- FLOOR, L. 1978. Persone rondom Paulus. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- FREDRIKSEN, P. 1991. Judaism: the circumcision of Gentiles, and apocalyptic hope: another look at Galatians 1 and 2. *Journal of theological studies*, 42(2):532-564.

- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2009. Rapport kommissie: saak van die vrou. (*In* GKSA. Handeling van die vyftigste Nasionale Sinode en die tiende Sinode Middellande in die eerste Algemene Sinode in Potchefstroom. Potchefstroom. p. 583-671.)
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2001a. Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord. (*In* GKSA. Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: NG Kerk Uitgewers. p. 137-142.)
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2001b. Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Psalmboek: Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: NG Kerk Uitgewers. p. 5-32.)
- GKSA  
kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
- GROSHEIDE, F.W. 1948. De Handelingen der apostolen. Dl. 2. Amsterdam: Van Bottenburg. (Kommentaar op het Nieuwe Testament.)
- GUTHRY, D. 1975. The apostles. London: Pickering & English.
- HARRISON, E.F. 1975. Acts: the expanding church. Chicago: Moody.
- HENDRIKSEN, W. 1974. Galatians. Edinburgh: Banner of Truth Trust.
- HOLTZ, T. 1986. Der Antiochenische Zwischenfall (Galater 2:11-14). *New Testament studies*, 32(3):344-361.
- JANSE VAN RENSBURG, F. 2006. Die tydgerigtheid van die Bybel en die etiek van Bybellees: respons op die artikel van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 40(4):745-769.
- JOHNSON, L.T. 1992. The Acts of the Apostles. Collegeville: The Liturgical Press.
- KISTEMAKER, S.J. 1990. New Testament commentary: exposition of the Acts of the Apostles. Grand Rapids: Baker.
- LABUSCHAGNE, F.J. 2009. Kerkleierskap as bemiddeling van 'n onmoontlike werklikheid: 'n praktiese teologiese ondersoek na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ph.D.-proefskrif.)
- LATEGAN, B.C. 1986. Die brief aan die Galasiërs. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- LEE, H.W. 1989. Effective church leadership: a practical sourcebook. Augsburg: Fortress.
- LENTZ, J.C. 1993. Luke's portrait of Paul. Cambridge: Cambridge University Press.
- LIGHTFOOT, J.B. 1865. The epistle of St. Paul to the Galatians. Grand Rapids: Zondervan.
- LONGENECKER, R.N. 1990. Galatians. Dallas: Word Books.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol.1. New York: United Bible Societies.
- LYOTARD, J. 1984. The postmodern condition: a report on knowledge. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- McKNIGHT, S. 1995. Galatians: the NIV application commentary: from biblical text to contemporary life. Grand Rapids: Zondervan.
- ORCHARD, B. 1973. The ellipsis between Galatians 2:3 and 2:4. *Biblica*, 54(4):469-481.

- PAINTER, J. 2001. Who was James? Footprints as a means of identification. (In Chilton, B. & Neusner, J., eds. *The brother of Jesus: James the Just and his mission*. London: Westminster John Knox. p. 10-65.)
- POPKES, W. 2005. Leadership: James, Paul, and their contemporary background. (In Chilton, B. & Evans, C., eds. *The missions of James, Peter and Paul: tensions in the early Christianity*. Leiden: Brill. p. 323-354.)
- RHEEDER, A.L. 2009. Die implikasie van die GKSA se 2009-sinodebesluit rakende die vrou in die regeeramp. *Woord en Daad*, 50(411):37-41, Lente.
- RICHARDSON, P. 1980. Pauline inconsistency: 1 Corinthians 9:19-23 and Galatians 2:11-14. *New Testament studies*, 26:347-263.
- RIDDERBOS, H.N. 1976. *The epistle of Paul to the churches of Galatia: the English text with introduction, exposition and notes*. Grand Rapids: Eerdmans.
- RIDDERBOS, J. 1931. *De apostel der heidenen*. Kampen: Kok.
- SEIFRED, M.A. 1992. *Justification by faith: the origin and development of the central Pauline theme*. New York: Brill.
- SNYMAN, G.F. 2010. "Om die Bybel sensitief en in sy rykdom te lees" – in gesprek met Amie van Wyk. *In die Skriflig*, 44(3 & 4):759-789.
- TURNAU, T.A. 1994. Speaking in a broken tongue: postmodernism, principled pluralism, and the rehabilitation of the public moral discourse. *Westminster theological journal*, 56:345-377.
- VAN DER WALT, B.J. 2003. Om 'n leier te wees: vanuit 'n Christelike perspektief. *Koers*, 68(2 & 3):143-169.
- VAN DER WALT, B.J. 2008. Probleme rondom die Bybel in die gereformeerde teologie: besinning vanuit 'n Christelike filosofie. *In die Skriflig*, 42(4):635-663.
- VAN DER WALT, T. 2008. Hoe moet 'n Gereformeerde teoloog met die Bybel omgaan? *In die Skriflig*, 42(4):755-771.
- VAN DER WART, A.D.F. 2007. 'n Bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme vir leierskaps-identiteit voor die *limen* van herintegrasie in 'n gevorderde stadium van 'n *communitas*-fase: 'n prakties-teologiese ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ph.D.-proefskrif.)
- VERMEULEN, J.J. 2002. Leiers wat dien en bedien: 'n eksegetiese ondersoek na die leierskap in die Pauliniese briewe. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ph.D.-proefskrif.)
- WATSON, F. 1986. *Paul, Judaism and the Gentiles: a sociological approach*. Cambridge: Cambridge University Press.
- WITHERINGTON, B. 1998. *The Paul quest: the renewed search for the Jew of Tarsus*. Illinois: InterVarsity.

## Kernbegrippe

bedienaar van die Woord  
 diversiteit  
 leierskap  
 ooreenstemmende leiding  
 verskille

**Key concepts**

consistent guidance  
differences  
diversity  
leadership  
minister of the Word